

POPI

Op 1 Julie 2021 het die nuwe POPI-wet in werking getree. Dit is die "Protection of Private Information Act" of anders gestel die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013. Die wet verhoed ons, om op welke wyse ookal, die persoonlike inligting van enige van ons lidmate te versprei. Geen inligting mag voortaan verskaf word sonder die toestemming van die betrokke lidmaat nie. Die kerkkantoor, kerkraad, leraars en ander beamptes eerbiedig reeds hierdie beginsel van die reg op privaatheid en word persoonlike inligting in elkgeval as sulks hanteer. Slegs die skriba en leraars het toegang tot lidmate se persoonlike inligting op die kerkkantoor se rekenaar.

As lidmaat word jy dus vriendelik versoek om die kerkkantoor te kontak by

[028 424 1340](tel:0284241340) (T)

kantoor@bredasdorpgemeente.co.za (e-pos)

indien jy enige beswaar het teen die volgende:

- dat jou inligting op die rekenaar gestoor mag word,
- dat 'n e-pos, whatsapp of sms in 'n groep uitgestuur mag word,
- dat jou verjaardag op die aankondigings (gedruk en aanlyn) gestuur mag word,
- dat jou naam ten tye van siekte op die aankondigings (gedruk en aanlyn) gestuur mag word,
- dat jou naam op enige ander wyse gebruik mag word in die gebruikelike kommunikasie van die kerk of kerkkantoor,
- Indien jy te sterwe kom, 'n kennisgewing op die Bulletin (gedrukte en aanlynmedia) mag verskyn.